# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 218 · 15 DESEMBER 2021

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek wil begin deur ons Hemelse Vader te bedank dat hy so mooi na die Framesby-familie kyk. Alle eer aan Hom. Ons het met leedwese van die afsterwe van mnr. C Jooste (vader van Stefan Jooste in Graad 9) verneem. Ons gebede is met hierdie familie en mag ons Hemelse Vader ook die nodige vertroosting aan hulle bied.

Ek wil die volgende onder u aandag bring:

FINANSIËLE INLIGTING
Aangeheg is al die finansiële inligting met betrekking tot 2021. Ons wil u vir u getroue betaling van u 2020-skoolfonds bedank. Daar is egter nog stééds ouers wat nie hul finansiële pligte teenoor die skool nakom nie. As u voorraadopname neem van álle geleenthede wat u kind alreeds geniet, en al die geleenthede wat in 2021 bykom (studentesentrum , opgegradeerde rekenaarnetwerk; Wolkskool; Stimulus Maksima leesprogram) is dit belangrik dat u besef dat u betaling van skoolfonds van uiterste belang is. Daarom Ouers, is ons versoek dat élke ouer sy deel in 2021 sal doen sodat ons ons skoolfonds laag kan hou.

AKADEMIESE INLIGTING
Ons het in 2020 dan 'n algehele slaagsyfer van 96,76% van Gr. 8 tot Gr. 11. Dit is 'n verbetering van 6% op 2019 se uitslae. Ouers, ons wil elke leerder en ouer met dié puik uitslae in 'n baie moeilike jaar gelukwens. Ons harte gaan egter ook uit na daardie 3,24% leerders wat nie in 2020 suksesvol was nie. Ouers, ons wil vra dat u hierdie leerders sal motiveer en ondersteun sodat hulle hulle studies in 2021 by Hoërskool Framesby kan hervat. Hierdie uitslae is vir ons as gemeenskap 'n riem onder die hart en beslis die terugbeweeg van 'n onderrig- na 'n leerkultuur by die skool. Dankie aan elke ouer en leerder wat die personeel se hand neem om dit 'n suksesvolle akademiese skool te maak.

GR 11-VAKVERANDERINGE
Graad 11– leerders word toegelaat om EEN vak met oorgang na Graad 12 te verander. Die sperdatum vir aansoek om 'n vakverandering is Maandag, 14 Desember, om 14:00.

Ouers moet 'n skriftelike versoek aan mnr. P. Smit by smit.pc@gmail.com rig. Veranderinge sal slegs toegelaat word indien daar plek in die onder- skeie groepe is.

GR 10-VAKVERANDERINGE
Indien u, nadat u die leerder se rapport bestudeer het, reeds seker is van 'n vakverandering vir 2021, stuur asseblief 'n e-pos aan die graadhoof (lschelbert@framesby.co.za) teen 18 Desember. Daar sal volgende jaar nog 'n geleentheid wees. Veranderinge is onderhewig aan getalle in vak- groepe.

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE | Centre Managment: 041 360 9442 | SUNRIDGE VILLAGE | Kragga Kamma Road, Sunridge Park | SUNRIDGE VILLAGE | GENERATED POWER 24/7

WOENSDAG, 27 JANUARIE 2021
Indien die nasionale ramptoestand teen 27 Januarie 2021 gelig is en die skool normaal kan voortgaan, begin die skool om 07:30 met ‘n saalbyeenkoms vir álle leerders.

Indien die status quo egter gehandhaaf word, is dit SLEGS die gr.8’s en 9’s wat as volg kom aanmeld: Graad 8 skandeer vanaf 06:45 – 07:25 in by hek D. Daarna gaan hulle na die tennismuur. Die gr.9’s skandeer dieselfde tyd in by hek B en gaan na die gebied tussen die gimnasium en paviljoen. Donderdag, 28 Januarie 2021 meld alle leerders wie se vanne met A-L begin (Kritte) aan. Graad 8 & 9 skandeer in by hek D en grade 10 – 12 by hek B. Klaswisseling geskied daarna. Vrydag, 29 Januarie 2021 meld alle leerders wie se vanne met M-Z begin (Visse) aan. Graad 8 & 9 skandeer in by hek D en grade 10 – 12 by hek B. Klaswisseling geskied daarna.

Indien bogenoemde reëlings saamrygeleenthede beïnvloed, moet u die graadhoof in 2021 kontak om verdere reëlings te tref.

EREKLERE

FRAMESBY- ERKENNING
Die erkenningstelsel het drasties verander. Die volledige uiteensetting sal in die Jaarbeplanner wees. Die grootste veranderinge is as volg:

Kleure
Vanaf 2021 sal geen Kleure (koningsbloubaadjie met die silwer sakwapen) meer toegeken word nie.

Buite-skool aktiwiteite
Leerders wat op nasionale vlak in buite-skool aktiwiteite presteer, sal nie meer vir erekleure in aanmerking kom nie. Erkenning sal wel binne die skool geskied

Erekleure
Erekleure word steeds toegeken aan alle leerders wat die provinsie by nasionale byeenkomste verteenwoordig (koningsbloubaadjie met goue lourierkrans-wapen). Hierdie toekenning word slegs vir skoolaktiwiteite gemaak, waar leerders die provinsie in die senior ouderdomsgroepe (0/16 – 0/18) verteenwoordig.

Half-erekleure
Vanaf 2021 word ‘n nuwe erkenningstelsel in gebruik geneem waarbinne junior leerders, 0/14 en 0/15 half-erekleure ontvang. Hierdie toekenning is ‘n balkie op die Framesby streepbaadjie en ‘n blou das waarop Half-erekleure in silwer geborduur is.

Ouers, as skool bid ons vir u en u gesin ‘n geseënde Feesseisoen toe. Ons gebede is dat u opnuut ons Hemelse Vader sal ervaar. Mag Hy ook in hierdie moeilike tyd Homself aan u openbaar en u met die keur van sy seëninge seën.

Ek en my gesin bedank u vir u ondersteuning en gebede. Ek kan met groot vrymoedigheid getuig dat dit ‘n besondere 21 maande by Hoërskool Framesby was. Ek glo vas, en soos ek baie vir u sê, die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud. Kom ons werk saam om dit so te hou.

Vriendelike groete



Marius Germishuys
Skoolhoof

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# GROOT DANK AAN AL ONS BORGE

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

NEC
Nissan Eastern Cape

MIGHTY KINGS
RUGBY ACADEMY

IIE Varsity College

BCC
BOSTON
City Campus & Business College
Education. For Life.

LANGERRY
HOLIDAY APARTMENTS
PORT ELIZABETH BEACHFRONT

PUMA®

HOME AWAY FROM HOME
Self-Catering Accommodation

DEWALD STRYDOM
083 225 7577

Epinal Avenue - Lorraine
dewaldstrydom@rocketmail.com

Self Catering Accommodation - Port Elizabeth

WIFI - DSTV - INVERTER - ALARM - CCTV - FIRE PIT
SWIMMING POOL - HONESTY BAR - BRAAI FACILITIES

KLINICARE
PHARMACIES
Caring for YOU

McDonalds Linton Grange

BAYGAS

Rietfontein

TROTSE ONDERSTEUNER VAN
HOËRSKOOL FRAMESBY

RABIE - RABIE - RABIE
RABIE TRUST




# Herbie's
## Buyers & Sellers

**Buyers & Sellers of furniture & appliances**

355 Kempston Road, Korsten - 041 451 0627 | 421 Govan Mbeki Avenue - 041 484 3563

## STOCK WANTED

- ANTIQUES
- BEDS (SINGLE, DOUBLE, BUNK)
- BEDROOM SUITES
- DININGROOM SUITES
- DRESSING TABLES
- LOUNGE SUITES
- WARDROBES
- WALL UNITS
- FRIDGES / FREEZERS
- STOVES
- CUTLERY / CROCKERY
- KITCHEN EQUIPMENT / UTENSILS / ORNAMENTS
- KITCHEN SETS & SCHEMES
- TOOLS / POWERTOOLS / BUILDING MATERIAL
- TELEVISIONS, ETC.

**WE COLLECT - BEST PRICES - FREE QUOTES - CASH PAID - HASSLE FREE**

# HERBIE - 082 579 1541

***KEEP ME 'TILL YOU NEED ME***

ACTISOL 159 t/a Herbies Buyers and Sellers Reg No. 2006/028846/23 VAT Reg No. 4710231863